Jesus roep my

# Ons hoop is geanker in God

## Bybelteks

*Want so sê die Here, Heerser oor alle magte, die God van Israel: "Daar sal weer huise, landerye en wingerde in hierdie land gekoop word."*

**– Jeremia 32:15**

## Kernwaarheid

**Ons kan altyd op God vertrou. Ons hoop is in Hom.**

### WELKOM

- Het jy al self iets gekoop?
- Wat koop jy graag?
- Het jy al iets gekoop wat jy nie gebruik het nie?

### WONDER

- Wat het God vir Jeremia gevra om te doen?
- Het Jeremia gedoen wat God gevra het?
- Wat het God vir die volk Israel belowe?

### WEES

Kyk na jou prentjie van die kers en onthou dat God vir ons lig (hoop) gee wanneer dit sleg gaan met ons.

### WEGSTUUR

Wys jou prentjie vir jou huismense en vertel vir hulle Jeremia se storie van hoop. Plak jou prentjie iewers in die huis op om hierdie storie te onthou.

## Kleur die woorde en die prentjie in.

# God gee ons hoop.

